AFRIKAANS SPRAAK EN DRAMA

Bykomende reëls vir hierdie afdeling:

1. Die getal inskrywings per item word beperk tot TIEN per skool/privaat instansie.

2. **NB: Alle items is eie keuse, maar moet aan die standaard van die betrokke opvoedkundige vlak voldoen.** Slegs gepubliseerde werke mag gebruik word – **geen eie gedigte nie!**

3. Neem kennis van die maksimum tydsbeperking per item. Dit sluit opstap en afstap in en sal streng toegepas word.

4. Deelnemers moet afskrifte van werke beskikbaar hê vir die beoordelaar. Dui asb. die deelnemer se naam en die itemnommer hierop aan.

5. Die gebruik van klankbane by toelaatbare items moet van hoë gehalte wees. Eie klanktoerusting moet voorsien word. (Cd-speler, verlengkoord en prop)

6. AL die algemene reëls is van toepassing. Let asb. veral op 3.2, 3.6 en 4.2 van algemene reëls!

7. Dui asseblief duidelik op die inskrywingsvorm aan of die deelnemer 'n **Afrikaans Addisionele Taal-spreker** is!

	Poësie	*Maks. tyd (min)*	**Gedramatiseerde poësie**	*Maks. tyd (min)*	**Prosa**	*Maks. tyd (min)*	**Gedramatiseerde prosa**	*Maks. tyd (min)*	**Monoloog**	*Maks. tyd (min)*	**Gedramatiseerde verhaal/ Samespraak / Dialoog**	*Maks. tyd (min)*
Voorskools	A1.0	*1*	A2.0	*2*	A3.0	*2*	A4.0	*3*			A6.0	*8*
Graad 1	A1.1	*1*	A2.1	*2*	A3.1	*2*	A4.1	*3*			A6.1	*8*
Graad 2	A1.2	*1*	A2.2	*2*	A3.2	*2*	A4.2	*3*			A6.2	*8*
Graad 3	A1.3	*2*	A2.3	*2*	A3.3	*2*	A4.3	*3*			A6.3	*8*
Graad 4	A1.4	*2*	A2.4	*2*	A3.4	*3*	A4.4	*4*	A5.4	*4*	A6.4	*10*
Graad 5	A1.5	*2*	A2.5	*2*	A3.5	*3*	A4.5	*4*	A5.5	*5*	A6.5	*10*
Graad 6	A1.6	*2*	A2.6	*2*	A3.6	*3*	A4.6	*4*	A5.6	*5*	A6.6	*10*
Graad 7	A1.7	*2*	A2.7	*2*	A3.7	*3*	A4.7	*4*	A5.7	*5*	A6.7	*10*
Graad 8	A1.8	*3*	A2.8	*3*	A3.8	*4*	A4.8	*5*	A5.8	*8*	A6.8	*10*
Graad 9	A1.9	*3*	A2.9	*3*	A3.9	*4*	A4.9	*5*	A5.9	*8*	A6.9	*10*
Graad 10	A1.10	*3*	A2.10	*4*	A3.10	*4*	A4.10	*6*	A5.10	*8*	A6.10	*10*
Graad 11	A1.11	*3*	A2.11	*4*	A3.11	*4*	A4.11	*6*	A5.11	*8*	A6.11	*10*
Graad 12	A1.12	*3*	A2.12	*4*	A3.12	*4*	A4.12	*6*	A5.12	*8*	A6.12	*10*

	Bybelvoordrag	*Maks. tyd (min)*	**Spreekkoor**	*Maks. tyd (min)*	**Gedramatiseerde spreekkoor**	*Maks. tyd (min)*	**Voordragkonsertprogram**	*Maks. tyd (min)*	**Spraakprogram**	*Maks. tyd (min)*	**Voorbereide mimiek**	*Maks. tyd (min)*	**Onvoorbereide lees**	*Maks. Tyd (min)*	***Eenbedryf***	*Maks. Tyd (min)*
Voorskool			A8.0		A9.0											
Graad 1			A8.1	*5*	A9.1	*5*									A14	30
Graad 2			A8.2	*5*	A9.2	*5*									A14	30
Graad 3			A8.3	*5*	A9.3	*5*									A14	30
Graad 4			A8.4	*5*	A9.4	*5*	A10.4	*8*	A11.4	*10*					*A14*	*30*
Graad 5			A8.5	*5*	A9.5	*5*	A10.5	*10*	A11.5	*20*					*A14*	*30*
Graad 6			A8.6	*5*	A9.6	*5*	A10.6	*10*	A11.6	*20*	A12.6	*3*			*A14*	*30*
Graad 7	A7.7	*3*	A8.7	*5*	A9.7	*5*	A10.7	*10*	A11.7	*20*	A12.7	*5*			*A14*	*30*
Graad 8	A7.8	*3*	A8.8	*10*	A9.8	*10*	A10.8	*14*	A11.8	*20*	A12.8	*5*	*A13.8*	*1*	*A14*	*45*
Graad 9	A7.9	*3*	A8.9	*10*	A9.9	*10*	A10.9	*14*	A11.9	*20*	A12.9	*5*	*A13.9*	*1*	*A14*	*45*
Graad 10	A7.10	*3*	A8.10	*10*	A9.10	*10*	A10.10	*14*	A11.10	*20*	A12.10	*5*	*A13.10*	*1*	*A14*	*45*
Graad 11	A7.11	*3*	A8.11	*10*	A9.11	*10*	A10.11	*14*	A11.11	*20*	A12.11	*5*	*A13.11*	*1*	*A14*	*45*
Graad 12	A7.12	*3*	A8.12	*10*	A9.12	*10*	A10.12	*14*	A11.12	*20*	A12.12	*5*	*A13.12*	*1*	*A14*	*45*

Poësie: Formele vertolking d.m.v. stem en gesig sonder gebare.

Gedramatiseerde poësie: Die geskrewe woord moet verlewendig word deur middel van gemotiveerde gebare en bewegings. Die ruimte moet sinvol benut word.

Prosa: ‘n Vertelling met karakterisering. Vertolking d.m.v. stem en gesig. (Sonder gebare)

Gedramatiseerde prosa: Die geskrewe woord word deur middel van die stem, gesigspel en gemotiveerde bewegings gedramatiseer. Die dialoog moet sterk gekarakteriseer en ruimte sinvol benut word.

Monoloog: ‘n Gedeelte uit ‘n toneelstuk, ‘n eenbedryf of ‘n verwerkte gedeelte uit ‘n prosaverhaal kan gebruik word. Dis ‘n alleenspraak en hy/sy bly deurgaans dieselfde karakter. Kostumering en rekwisiete opsioneel.

Gedramatiseerde verhaal/Samespraak/Dialoog: Vertellers en karakterisering. ‘n Gedeelte uit ‘n toneelstuk of ‘n verwerking uit ‘n prosaverhaal kan gebruik word. 2-5 deelnemers. Kostumering en grimering opsioneel. Rekwisiete is ‘n vereiste.

Bybelvoordrag: Formele vertolking d.m.v. stem en gesig sonder gebare uit enige gedeelte van die Bybel (Enige vertaling).

Formele Spreekkoor: Geen bewegings of gebare nie.

Gedramatiseerde spreekkoor: Met gebare en bewegings. Kostumering en grimering toelaatbaar. Deelnemers sorg vir eie toneelbenodighede. ‘n Minimum van 11+ leerders word toegelaat.

Voordragkonsertprogram: ‘n Deelnemer (een persoon) moet ‘n program van goeie verskeidenheid en veelsydigheid aanbied. Hierdie program moet gebalanseerd wees en die klem moet op verskeidenheid, deurlopende tema en wisseling in aanbieding val. Die program kan bv. soos volg saamgestel word (Ten minste 3 genres): liriese gedig, beskrywende prosa, dramatiese monoloog of karakteruitbeelding en ‘n komiese item (poësie, prosa, drama). Binding word toegelaat, maar mag nie oorheers nie.

Spraakprogram: 2-6 deelnemers. ‘n Aanbieding van wisselende aard (ernstig, komies) uit verskillende literêre genres (poësie, prosa, drama), maar met ‘n sentrale tema. Musiek en sang mag gebruik word om die items te bind, maar die gesproke woord moet oorheers. Bring eie toerusting, musiek, koorde, ens.

Mimiek: (Graad 6 – 12)
Indvidueel – Voorbereid: Swart kostuum; wit gesig grimering en wit handskoene is opsioneel. Geen juwele. Deelnemers sal beoordeel word vir hul gebruik van spasie en bewegings. Geen spraak of rekwisiete mag gebruik word nie. **Dieselfde storielyn mag nie in die Engelse afdeling herhaal word nie**. Die tema van die voordrag moet by die beoordelaar se tafel ingedien word tydens die opvoering. Musiek mag gebruik word. Bring eie toerusting, musiek, koorde, ens.

Eenbedryf: (*Graad 1 - 12*)

1. Die eenbedryf moet binne die begripsvermoë en verwysingsraamwerk van die deelnemers wees.
2. Die minimum speeltyd is 20 minute en die maksimum speeltyd is 45 minute.
3. ‘n Maksimum van 5 minute word vir die opstel en inkleding van dekor toegelaat en 5 minute vir die verwydering daarvan.
4. Deelnemers sorg vir eie dekor en toneelbenodigdhede. Beligtingsfasilitiete is nie beskikbaar nie.
5. Die gebruik van beligting, dekor en inkleding dra nie direk by tot die simbool wat deur die beoordelaars toegeken word nie, aangesien fasiliteite vir beligting nie gewaarborg kan word nie.
6. ‘n Afskrif van die verhoogbestuurder se teks moet op aanvraag aan die beoordelaars beskikbaar gestel word.
7. Aansoeke vir opvoerregte moet gerig word aan DALRO, Posbus 31627, Braamfontein, 2017 (telefoon 011 712 8000, faks 0866586299, webtuiste: http://www.dalro.co.za). Die toestemmingsertifikaat moet ‘n week voor die beoordelingsdatum by die organiseerders van Bethlehem Eisteddfod ingedien word.

Onvoorbereide lees: *GRAAD 8 – 12 ALLEENLIK*

‘n Gepaste leesstuk sal deur die beoordelaar voorsien word. Deelnemers sal na ‘n afsonderlike lokaal geneem word op dieselfde perseel. Terwyl die eerste deelnemer optree, kry die volgende deelnemer die geleentheid om sy/haar leesstuk voor te berei. Deelnemers sal nie toegelaat word om die beoordelingslokaal vóór optrede binne te gaan, of ná optrede te verlaat totdat die afdeling afgehandel is nie. Slegs leerders met uitstekende leesvaardighede behoort hiervoor ingeskryf te word. Deelnemers moet in skooldrag geklee wees, tensy hulle privaat ingeskryf is.

AFRIKAANS KODE: **Sien kodes in kolom bl. 17**	**Leerdernaam:**	**Graad: (8-12 alleen)**

Vind asseblief inskrywingsvorm agter in die Prospektus! Een vorm per leerder.

BETHLEHEM EISTEDDFOD

3 - 7 AUGUST(US) 2020

Afrikaanse Spraak en Drama

BEDRAG vir hierdie inskrywing

INSKRYWINGSVORM – Voltooi in Drukskrif

ITEM *(bv poësie)*		**KODE** *(bv A1.1)*	**GR**	
NAAM VAN DEELNEMER(S)		**IS DEELNEMER AFRIKAANS DERDE TAAL SPREKER?**	JA	NEE
1				
2				
3				
4				
Parent / Guardian / Teacher – Ouer / Voog / Onderwyser *naam en adres/name and address)*		**SKOOL/SCHOOL / Private Teacher/Private Afrigter / Club/Klub**		
TELEFOON **FAKS**	**SELFOON** **E-POS**			

Slegs een naam per inskrywing, tensy dit 'n groepitem is. Wenk: Vul eers u persoonlike inligting in voordat u die vorm kopieer.

SLUITINGSDATUM: 18 May 2020

BEOORDELAARSVERSLAG

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

BEOORDELAAR **SIMBOOL**